Week 1 en 2 (6 Julie – 17 Julie)

Liewe Mamma en Pappa

So het die tyd uiteindelik aangebreek om terug te keer skool toe. Op die dae wat ek by die huis bly, moet ek hersiening doen en kan Mamma of Pappa hierdie kontrolelys gebruik om seker te maak ek bly op datum. In Graad R leer ons deur te speel en bevat hierdie lys dus net die kern van wat ons in die klas vir Week 1 en 2 onder die knie moet hê. Moet asb. nie alles met my op die eerste dag by die huis voltooi nie. Hierdie werk strek oor die 5 dae wat ek tuis gaan bly vir Week 1 en 2.

Wiskunde

- Rympie tel van 1 – 20
- Tel terug van 10 – 1
- Ken getal 1 - 5 se getalnaam, simbool en kolkaart
- Ken 2D en 3D vorms (vierkant, sirkel, driehoek, sfeer en kubes)
- Gister was / more sal – dae van die week
- Bou 'n legkaart van 36 stukke of meer.
- Sorteer voorwerpe volgens kleur / vorm / grootte.
- Bou 'n patroon, brei 'n patroon uit en kopieër 'n patroon.
- Woordprobleme om te verstaan wanneer iets meer of minder raak.
- Kwartaal 2 DBE Rooiboek wat ek op die 1ste dag gaan ontvang: Voltooi bl.1 – 5.

Huistaal

- Ken my klanke: w / v / m / n / l
- Vertel stories oor in my eie woorde.
- Kan die beginklank van woorde ouditief uitken.

- Watter klank hoor ek wat nie pas by die ander klanke nie?
- Herken my eie naam tussen ander uit.
- Kan die verskille tussen 2 items uitken.
- Kan tot en met 5 opdragte onthou en uitvoer. Begin met 3 instruksies en indien ek al 3 kan uitvoer sonder om te vra wat ek moes doen, kan Mamma of Pappa nog 'n instruksie bysit.

<u>Doen en Leer</u>

My groenboek kan ongelukkig nie meer deur Juffrou gemerk word nie en is dit my verantwoordelikheid om getrou die weeklikse werk te voltooi.

- Voltooi en haal in: Week 18

<u>Slegs leerders met komorbiditeite</u>

Slegs die leerders met komorbiditeite wat boeke kom afhaal het, voltooi ook die volgende werk. Hierdie werk word met die res van my klasmaats gedurende klastyd behandel.

1. Spogboek: Voltooi asb. Kwartaal 2 se volgende bladsye:
   - Herfs,
   - Sade,
   - Tyd en
   - Emosies
2. Kwartaal 3 DBE Rooiboek
   - Voltooi bl. 1 – 10

Ons sien julle môre weer!